



OCKIE VERMEULEN

Nadat hy grade in ekonometrie en musiek aan die Universiteit van Pretoria voltooi, ontvang Ockie 'n Fulbright beurs wat hom in staat stel om sy meestersgraad in orrel (uitvoerend) aan *The University of North Texas* te voltooi. Met sy terugkoms ontvang hy die Stephan Zondagh beurs vir oorsese studie en voltooi sy doktorsgraad in orrel (uitvoerende kuns), onder leiding van Prof. Wim Viljoen, in 2012. Intussen stel hy verskeie orrelopnames vry en ontvang 'n Ghoema-toekenning vir beste instrumentele album asook twee *South African Music Award* nominasies. As post-doktorale navorsingsgenoot aan die Noordwes Universiteit begin hy gereelde navorsing publiseer en word ook aangestel as universiteitsorrelis van Unisa. Hy is 'n aanhanger van lewenslange studie en is tans 'n vierdejaar mediese student verbonde aan die Universiteit van Pretoria.

Kontakbesonderhede:
ockievermeulen@yahoo.com

SING 'N NUWE LIED IN 'N NUWE TAAL

Voorbeelde van inklusiewe
taalgebruik in die Afrikaanse
kerklied



*... much of the received language of
religious traditions enshrines social values
that obscure the goodness of God,
which far transcends all our labels and
categories and hierarchies.*

(The Presbyterian Hymnal, Eicher, 2013)

1. VINJET

[Na aanleiding van die *United Methodist Church (USA)* se taakspan belas met taalriglyne (1990:5)]

"Seuntjies is beter as dogtertjies," sê Anton terwyl hy saam met sy maatjies in die swembad speel. Dis sy sesde verjaarsdag en sy ouers het 'n partytjie met heerlike kos en vermaak gereël.

Die bure se dogter, Annari, is nie beïndruk nie. "Hoekom?" vra sy en trek haar oë skrefies.

"*Spiderman* is 'n seuntjie," antwoord Dirkie, sy nefie, "*Batman* en *Iron Man* ook."

"Maar wat van *Wonder Woman*?" kap Annari terug.

"Sy tel nie," antwoord Dirkie.

"Dit maak nie saak nie," sê Anton, "seuntjies is beter as dogtertjies, want God is 'n seuntjie."

2. INLEIDING

Tydens my aanvanklike navorsing oor die afwesigheid van inklusiewe taal in nuwe Afrikaanse kerkliedere,¹ skryf Faani Engelbrecht (betrokke by Flam²) aan my dat hy nie die nut daarvan insien nie, aangesien God kies om *Homself* in die Bybel as manlik te openbaar, hoewel *Hy* soms vroulike kwaliteite gebruik om sy karakter verder uit te beeld. "Ek kies om te bly by die geloofstaal wat die Woord my gee," skryf Engelbrecht, (2014, my kursivering). Ook Jacques Louw (betrokke by Vonkk) vra waarom dit nodig sou wees om inklusiewe taal te gebruik (Louw, 2014). Beide se reaksie gee aanleiding tot my eerste artikel oor die nut en meriete van inklusiewe taal in die Afrikaanse kerklied.³

¹ In hierdie artikel verwys "kerklied" na enige lied wat tydens die erediens in die Afrikaanse kerke gesing word. Vanweë my betrokkenheid by hierdie instelling, verwys "Afrikaanse kerk" oorwegend na die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), maar dit kan ook na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), asook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), verwys.

² Flam en Vonkk is twee werkgroepe wat hoofsaaklik uit lede van die NGK en NHKA bestaan en verantwoordelik is vir die skep van nuwe Afrikaanse kerkliedere. Flam is oorwegend gemoeid met liedere in 'n kontemporêre musiekstyl, terwyl Vonkk belas is met liedere in 'n klassieke musiekstyl. Meer detail is beskikbaar by www.flam.kerkmusiek.co.za en www.vonkk.kerkmusiek.co.za

³ Vermeulen, O. 2016. Agter elke man: Onderweg na inklusiewe taalgebruik in die Afrikaanse kerklied. *HTS Teologiese Studies* 72(3), a3043:1-9.

In 2017 verskaf Thinus van Staden (ook betrokke by Vonkk) die teks vir 'n melodie wat ek gekomponeer het. Ek stel egter enkele inklusiewe aanpassings van die teks voor, maar Vonkk beskou dit as teologies "geforseerd" (Louw, 2017). Dit gee aanleiding tot my tweede artikel oor inklusiewe taalgebruik in die Afrikaanse kerklied.⁴

Hierdie artikel het egter nie sy ontstaan te danke aan 'n noodsaaklikheid om die nut en teologiese meriete van inklusiewe taalgebruik (weer) te verduidelik nie (alhoewel dit ter wille van volledigheid kortliks vir die leser saam met nuwer navorsing opgesom sal word), maar om enkele praktiese toepassings daarvan te bespreek. Waar die vorige twee artikels in 'n teologiese tydskrif gepubliseer is, vind ek dit nodig om hierdie een in *Vir die Musiekleier* te publiseer met die hoop dat dit by die musiekleiers en leraars van die land se gemeentes sal uitkom. Groter sensitiwiteit en begrip vir die saak is nodig, aangesien die Afrikaanse kerklied opmerklik arm is in terme van inklusiewe taalgebruik en as 't ware by die geloofsfamilie wêreldwyd afsteek. Die meer inklusiewe aanpassing van Psalm 103 (kyk punt 3 hieronder) is reeds in 1974 gekonseptualiseer: vyf en veertig jaar later is daar steeds nie so 'n inklusiewe voorbeeld in Afrikaans te vinde nie.

Ek sal kortliks die konsep van inklusiewe en uitbreidende taal verduidelik en die nut en verantwoordbaarheid daarvan herroep. Daarna wil ek die praktiese toepassing van inklusiewe en uitbreidende taal in vyf kerkliedere demonstreer. My hoop is dat dit die weg sal baan vir die skep van Afrikaanse kerkliedere met soortgelyke taalgebruik.

Omdat ek by 'n kritiese navorsingslens aanklank vind, is hierdie artikel, soos die voriges, in wese kritiese kwalitatiewe navorsing wat ten doel het "to not just understand what is going on, but also to critique the way things are in the hopes of bringing about a more just society" (Merriam, 2009:35).

⁴ Vermeulen, O. 2018. Onderweg na inklusiewe taalgebruik in die Afrikaanse kerklied (2): Die heteroseksuele witman as god. *HTS Teologiese Studies* 74(4), 4764. <https://doi.org/10.4102/hts.v74i4.4764>

3. BEGRIPSVERKLARING: INKLUSIEWE EN UITBREIDENDE TAAL

Dit is belangrik om hier twee terme, naamlik *inklusiewe taal* en *uitbreidende taal*, van mekaar te onderskei. Eersgenoemde verwys na taalgebruik wat nie uitsluit nie (na aanleiding van George, 2013) en dus eerder verwys na *ons* (in plaas daarvan om groepe of individue uit te sonder), *mens* (in plaas van *man* of *vrou*), *God* (in plaas van *Heer*) en *ouer* (in plaas van *vader* of *moeder*), om maar enkele voorbeelde te noem. Neem as voorbeeld die derde vers van Lied 203:⁵

203

Loof die Here, al wat lewe

Melodie: John Goss 1869
Teks: Attie van der Colf 1978



Soos 'n va - der sorg vir kin - ders,
sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy ver - ge - we hul oor - tre - dings
en be - rei 'n vreug - de - fees.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Laat ons Hom ge - hoor - saam wees!

Liedboek van die kerk, Lied 203:3, m. 1-25

⁵ Tensy anders vermeld, verwys “Lied” na die liedere en nommering in *Liedboek van die kerk*.

Deur die gebruik van woorde soos *Vader, Hom, Hy* en *Heer* word God eensydig as manlik uitgebeeld (in die bespreking wat hierna volg, word die gevolge daarvan bespreek) en is die taalgebruik dus eksklusief van aard. 'n Meer inklusiewe weergawe van hierdie teks is, as voorbeeld, in *The Presbyterian Hymnal* (Eicher, 2013) te vinde:

619 Praise, My Soul, the God of Heaven (Psalm 103)

Melody: John Goss 1869

Text: Henry Francis Lyte 1834

Adapted: Ecumenical women's center 1974

Like a lov - ing pa - rent car - ing,
 God knows well our fee - ble frame;
 glad - ly all our bur - dens bear - ing,
 still to count - less years the same.
 Hal - le - lu - jah! Hal - le - lu - jah!
 All with - in me, praise God's name!

Hymn 619, Presbyterian Hymnal (2013), m. 1-25

In die aanpassing hierbo is God geslagloos en soos 'n liefdevolle ouer wat in kontras teenoor die vader van Lied 203 staan. Waar laasgenoemde die indruk skep van 'n streng pa wat vrees by die kind inboesem, skep die Engelse weergawe die indruk van 'n versorger wat die kind se tekortkominge verstaan en graag help om die

bekommernisse te hanteer. Die gebruik van “ons” (*our*) versterk verder die gevoel van inklusiwiteit.

Uitbreidende taal word beskryf as die gebruik van die volle omvang van Bybelse metafore wat God beskryf: nie slegs *Vader, Hy, Heer* en *Koning* nie, maar ook onder meer *Moeder* (Deut 32:18), *Ek is* (Eks 3:14), *Rots* (Jes 17:10), *Bron van die lewe* (Jer 17:13), *Arend* (Eks 19:4) en *Vrou* (Luk 15:8-10) om slegs enkeles te noem (Presbyterian Church U.S.A.).

In other words, the full array of biblical metaphors for God is retained, including references to God as Father, Lord, and King. But also in this array appear images in which God is the “womb of life and source of being” ... and the “mothering” one who gave us birth ... (Bringle, 2013:5)

4. TEOLOGIESE MERIETE

Vervolgens 'n bondige bespreking van die teologiese meriete van inklusiewe en uitbreidende taal met spesifieke verwysing na die geslagtelikheid van God.

4.1. Taal is nie neutraal nie

In alle verbale kommunikasie (hetsy gesproke of gesing) word waardes in die keuse van woorde gereflekteer. Taal is by uitstek 'n draer van kultuur; dit weerspieël kultuur en beskik oor die vermoë om in te sluit of om uit te sluit (McIntyre, 2018; Presbyterian Church U.S.A.).

... taal [is] nooit onskuldig ... nie. Mense wat rassisme, seksisme en homofobie beleef het, kan hiervan getuig. Taal is altyd gelaai en is meer as net die woorde self. Daar is mag in hoe woorde gebruik word. Dit gee uitdrukking - bewustelik of onbewustelik - aan die oortuigings of ideologieë wat 'n persoon huldig ... ons vind ... 'n tendens in kerke om die Bybel te misbruik om gender diskriminasie, homofobie, geweld en onreg te legitimeer in die belang van die dominante sosiale klasse en groepe, in diens van hulle magsaansprake. (Groenewald & Esterhuizen, 2018).

Die kerklied is ten diepste die kerk se gesongde geloofsverklaring en verkondig die

instansie se identiteit (Kloppers, 2007:181-198). Nie alleen verklank die kerklied die gelowiges se diepste identiteit en gevoelens nie, maar beskik dit verder oor 'n kragtige potensiaal om lidmate met mekaar te versoen (Potgieter, 2012:46). 'n Kerk wat dus voortdurend en sonder uitsondering liedere met eksklusiewe taal gebruik, verkondig as 't ware hul eksklusiewe identiteit teenoor die wêreld. Taal wat mense uitsluit op grond van geslag, seksualiteit, ras, sosiale agtergrond, opvoeding, kultuur en beleid is kenmerkend van 'n instansie wat mense uitsluit, want taal wat uitsluit reflekteer 'n geloof wat uitsluit (Vermeulen, 2018:7 van 9).

4.2. Jesus se inklusiwiteit en eksklusiewe geforseerdheid

Loodreg teenoor so 'n eksklusiewe geloof staan die Man van Nasaret se inklusiewe teologie. Jesus se omgang met die gemarginaliseerdes en verworpenes van sy tyd was en bly revolusionêr as 'n voorbeeld van onvoorwaardelike aanvaarding (Dube, 2014; Krüger, 2011:415-416, 418; Steyn & Yousaf, 2010:167).

Christian congregations are called to imitate the 'table manners' of Jesus by being sacraments of God's hospitality in the world [...], welcoming, caring for, befriending the stranger, the poor, the needy, the homeless and destitute, the unloved and unlikeable, the weird and the strange, in gratitude to God and in imitation of Christ (Wadell, 2007:76-77).

Maar word "die geloofstaal wat die Woord ons gee" *geforseerd* aangepas (aldus Engelbrecht, 2014 en Louw, 2017) deur inklusiewe en uitbreidende taalgebruik?

Enersyds, in terme van *uitbreidende taal*, word juis die ryke verskeidenheid van metafore wat deur die Woord aan ons geopenbaar word, gebruik. Tog is dit slegs die etlike manlike metafore wat in die Afrikaanse kerklied oorheers. Barton (2009:143) en Spencer (2010:11) beskryf 'n voortdurende en eendimensionele beskrywing van God, ten spyte van die kosbare skat van metafore in die Bybel, as godslasterlik. In die lig hiervan is juis die konstante gebruik van manlike identiteite soos *Vader, Heer, Koning* en *Hy* om God te beskryf, geforseerd.

Andersyds bied *inklusiewe taal* 'n uitkoms vir diegene wat dit moeilik vind om met die heteronormatiewe en patriargale strukture van 'n manlike gendertipe te assosieer. Om God sonder uitsondering as manlik te beskryf, lei tot 'n menigte probleme vir diesulkes (kyk 4.3.). En tog, God is Gees en dus nie manlik of vroulik nie en enige poging om die onverstaanbare, onbeskryflike God in menslike taal uit te druk is

per definisie gebrekkig en onvolmaak (Boyce-Tillman, 2014:1-2; Klopper, 2002:424; McIntosh, 2007:238; Ross, 2004:14; Spencer, 2010:6). Voorts is dit belangrik om telkens te besef dat die Bybel sy oorsprong in 'n spesifieke sosio-ekonomiese samelewing het. Om alles in die Bybel sonder interpretasie en aanpassing in ons hedendaagse samelewing toe te pas sou nie alleen onverantwoordelik wees nie, maar ook tot teologiese distorsies lei (Klopper, 2002:245; Le Roux, 2010). Die antieke Midde-Ooste het sonder enige voorbehoud en gevoel van geforseerdheid 'n manlike geslag aan God toegedig, omdat die man van daardie samelewing die meeste aansien geniet het. Die Bybelse tekste kom dus tot stand in 'n tyd waarin daar geen waarde geheg is aan enige iets of iemand wat buite 'n bestaande norm beweeg het nie (Van Wyk, 2018:4 van 7; kyk Dreyer, 2006, 2007).

Verder is die gebruik van die manlike geslag in die Bybel dikwels 'n grammatikale fenomeen. In Bybelse tale val sommige selfstandige naamwoorde (soos dié vir *God*) in 'n manlike klas (Landman, soos aangehaal deur Jackson, 2002:13; kyk Barton, 2009:144-165, asook Spencer, 2010:7-8). Dis reeds vroeg in linguistieke studies uitgewys dat die geslag van 'n selfstandige naamwoord en laasgenoemde se inherente eienskappe oor geen semantiese assosiasie beskik nie (Lyons, 1968:24).

Van Wyk (2018:3 van 7) redeneer dat taal nie alleen idees oor geslag vorm en skep nie, maar dat dit ook hierdie idees in stand hou: "the non-recognition of certain persons and certain ways of speaking about God can thus serve to perpetuate and justify unequal power relations" (Hector, 2011:268). Indien 'n kerk se belydenisse en identiteit (waarvan die kerklied onlosmaaklik deel is) nie oor inklusiewe en uitbreidende taal beskik nie, kan dit nie in sy *koinonia* Jesus se allesomvattende inklusiwiteit volkome en effektief uiteleef nie (Vermeulen, 2018:7 van 9).

As disciples of Jesus Christ, we are called to a new way of life and a new way of speech. Accordingly, we are called to consciousness that "death and life are in the power of the tongue" (Proverbs 18:21). Each time we speak, we have the opportunity to give life by choosing to use language that empowers, that is sensitive to the plight of oppressed people, that honors all human beings as God's good creation, and that has evolved through time and history. Well-chosen words have the ability to build up instead of tear down (Presbyterian Church U.S.A.).

In die lig hiervan is enige vorm van eksklusiwiteit geforseerd – nie die strewe om in te sluit nie. Van Wyk (2018) is van mening dat die gevestigde gebruik van eksklusiewe

taal in die kerk (wat so genormaliseer het dat dit in wese onsigbaar geword het) die gevolg van 'n onvoltooide reformatie is en dat 'n *status confessionis* hieroor nodig is (bl. 6 van 7).

4.3. Met spesifieke verwysing na God as man

Voortspruitend uit die voorafgaande afdeling hierbo, is dit duidelik dat daar verskeie argumente teen die eendimensionele en geslagtelike uitbeelding van God as 'n man bestaan. Spencer (2010:5) wys daarop dat só 'n eksklusiewe uitbeelding die basis vorm van die oorlog ("war") in die kerk teenoor die vrou. In Suid-Afrika is ons goed vertrouwd met hierdie oorlog waar die onderdrukking in die kerk veral in die Gereformeerde Kerke (GKSA) sigbaar is, omdat vrouens steeds nie as predikante mag dien nie. Die ondergeskikte rol wat vrouens deur die eeue – en steeds vandag – in die kerk gespeel het, is 'n direkte gevolg van die uitbeelding van God as 'n man (Bacon, 2012:447; Boyce-Tillman, 2014:7).

Voorts sluit eksklusiewe manlike metafore vrouens se ervaring en identiteit uit (McIntosh, 2007:238; Stout, 2009:1-2; Van Wyk, 2018:3 van 7). Dit is egter nie net tot vroue beperk nie; Klopper wys reeds in 2002 daarop dat die diepgewortelde manlike dominansie in die Afrikaanse kerk daartoe gelei het dat mense van verskillende geslagte die Bybel en kerk verwerp het (bl. 424; kyk ook Lee, 2005:ii). Dit is moontlik om 'n apatiese houding hierteenoor in te neem en op die "oorblywende" kudde te fokus, maar dit staan in direkte kontras met Jesus se teologie (Krüger 2011:412).

Eksklusiewe manlike uitbeelding van God lei dikwels daartoe dat mense glo dat God werklik manlik is (kyk vinjet), wat op sigself aanleiding gee tot die persepsie dat mans nader aan God se beeld geskape is (Daly, 1973:19; Klopper, 2002:423; McIntosh, 2007:245). Dit veroorsaak onvanpaste persepsies oor ander persone, terwyl "we must consider the possibility of reconstructing human conceptions of God in such a way as to promote the equal dignity of women and men" (McIntosh, 2007:238).

5. VOORBEELDE

Hieronder volg 'n meer praktiese bespreking en benadering tot die aanpassing van eksklusiewe tekste.

5.1. Die persoonlike voornaamwoord

Tydens die aanpassing van 'n eksklusiewe teks is die mees algemene probleem dié van die derdepersoonvoornaamwoord. Sinne waarin *Hy*, *Hom* of *sy* (as besitlike voornaamwoord) vervang moet word, is dikwels lomp. Neem as voorbeeld die volgende sin: *God is lief vir sy kinders*. Dit sou vervang kon word met 'n meer inklusiewe *God is lief vir God se kinders*, maar só 'n aanpassing is allermins bevredigend. Nürnberger (2016:xxi-xxii) se oplossing is om in sy geskryfte God se persoonlike voornaamwoord manlik te hou, maar om dit in aanhalingstekens te skryf. *God is lief vir “sy” kinders*. Van Wyk (2018) wys daarop dat dit nie 'n effektiewe oplossing is nie en die groter doelwit van inklusiewe taal in die wiele ry.

'n Alternatiewe opsie sou wees om die manlike en vroulike voornaamwoorde te alterneer deur soms *God is lief vir sy kinders* en soms *God is lief vir haar kinders* te gebruik. Ek het reeds my bedenkinge oor hierdie benadering uitgespreek (Vermeulen, 2016:7 van 9) vanweë die moontlike verwarring wat dit by sommige persone mag ontketen, maar daar is beslis ruimte vir duideliker navorsing in hierdie verband.

Die gebruik van die meervoudige voornaamwoord is 'n verdere opsie. *God is lief vir hulle kinders*. Helaas val dit ook vreemd op die oor en dit sou dwaas wees om onnodig *geforceerde* voorstelle aan skeppers van nuwe kerkliedere te stuur. Weereens is verdere sorgvuldige navorsing hieroor nodig en mag dit nie bloot as “pronoun envy” van die manlike voornaamwoord (Van Wyk, 2018:3 van 7; kyk Eckert & McConnal-Ginet, 2003:30--33 en Stjerna, 2016:17) afgemaak word nie.

Vir Boyce-Tillman (2006:xv) lê die oplossing daarin om nie slegs enkele woorde te probeer vervang nie, maar om 'n nuwe omdigting te skep wat poëties en taalkundig bevredigend is. *Loof Hom, prys Hom, loof en prys Hom* kan bloot vervang word met *Halleluja! Halleluja!* Hierdie is sekerlik die mees esteties-bevredigende oplossing: sodoende kan die kerk 'n nuwe liedereskat van inklusiewe en uitbreidende taal opbou wat voldoen aan uitnemende musikale en digterlike kwaliteite.

5.2. God as man: Lied 207

In Lied 207 word God eksklusief as 'n man uitgebeeld. Sonder om die hele lied van

nuuts af oor te dig (wat arbeidsintensief, maar sekerlik meer bevredigend sal wees⁶), kan enkele woordaanpassings die lied meer inklusief maak. Dit sou moontlik wees om *Seun* selfs met *Kind* te vervang, maar ek vind dit wél onnodig geforseerd, omdat *Maria se seuntjie* die basis van die Christelike geloof vorm. In die linkerkolom is die oorspronklike teks deur Attie van der Colf (2001) en in die regterkolom is my en Niekie Lamprecht se meer inklusiewe aanpassing (die refrein is vetgedruk):

1. Eer aan die Vader, wat alles gemaak het; eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend; eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid - aan God drie-enig ons lof en ons lied. Ere aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.	<i>1. Eer aan die Skepper, wat alles gemaak het; eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend; eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid - aan God drie-enig ons lof en ons lied. Ere aan die Rots! Die God van alle gode woon ook in ons deur die Woord en deur Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.</i>
2. Heiland, aan U al ons dank en aanbidding - U het kom soek, ons van sonde gered. Deur u verdienste kom ons na die Vader; hoor Hy sy kinders se lied en gebed. Ere aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.	<i>2. Heiland, aan U al ons dank en aanbidding - U het kom soek, ons van doodsheid gered. Deur u verdienste kom ons na die Skepper; hoor God die mensdom se lied en gebed. Ere aan die Rots! Die God van alle gode woon ook in ons deur die Woord en deur Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.</i>
3. Wek in ons liefde, o Heer, vir u waarheid; waarheid gee insig, versterk en maak vry. U is die Waarheid, die Weg en die Lewe; U woon in ons en laat ons in U bly. Ere aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.	<i>3. Wek in ons liefde, o God, vir u waarheid; waarheid gee insig, versterk en maak vry. U is die Waarheid, die Weg en die Lewe; U woon in ons en laat ons in U bly. Ere aan die Rots! Die God van alle gode woon ook in ons deur die Woord en deur Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.</i>

⁶ Aangesien ek myself nie as digter beskou nie, moet die meer inklusiewe aanpassings slegs as illustrasies van moontlikhede geag word. In hierdie illustrasies toon ek aan dat dikwels slegs een of twee woorde van die bestaande eksklusiewe teks aangepas kan word om sodoende meer inklusiewe en uitbreidende tekste te skep.

4. Maak ons, o Heer, u getroue getuies dat ons met vreugde dit oral vertel: Christus, oorwinnaar oor dood en oor chaos, Hy ken ons nood, Hy kom red en herstel. Eer aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.	4. Maak ons, o God, u getroue getuies dat ons met vreugde dit oral vertel: <i>Christus, oorwinnaar oor dood en oor chaos,</i> <i>U ken ons nood, U kom red en herstel.</i> Eer aan die Rots! Die God van alle gode woon ook in ons deur die Woord en deur Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.
5. Heer van die skepping en Heer oor ons lewe, niks wat u aandag, u almag ontgaan. Groot is u werke, herskeppend u liefde; heerlik, o Heer, is u heilige Naam. Eer aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.	5. God van die skepping en God oor ons lewe, niks wat u aandag, u almag ontgaan. <i>Groot is u werke, herskeppend u liefde;</i> <i>heerlik, o God, is u heilige Naam.</i> Eer aan die Rots! Die God van alle gode woon ook in ons deur die Woord en deur Gees. Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.

5.3. God as vrou: Lied 131

Wat skep 'n beter beeld van veiligheid, kalmte en rus as babatjies wat rustig by hulle moeders slaap? Psalm 131 maak juis van hierdie beeld gebruik om rus en kalmte te vergestalt en is een van die voorbeelde in die Bybel waar die moederlike kwaliteite van God verwoord word. Landman (soos aangehaal deur Jackson, 2002:13) wonder tereg waarom dit nodig is om God dan te vermanlik, veral in die tweede strofe. Hieronder is die teks van T.T. Cloete (2001) in die linkerkolom en my uitbreidende aanpassing in die regterkolom:

2. 'n Kind rus in sy moeder se beskerming. So vind ek vrede, Heer, in u ontferming. Wag, Israel, vertrou Hom deurentyd. Wag op die Here tot in ewigheid.	2. Kinders rus in hul moeders se beskerming. <i>So vind ons vrede, God, in u ontferming.</i> <i>Wag, kinders, vertrou Haar deurentyd.</i> <i>Wag op ons Moeder tot in ewigheid.</i>
---	--

5.4. God as man en vrou: Lied 198

Oor die afwisselende gebruik van manlike en vroulike geslag moet daar verder besin word. In die lig van verantwoordbare navorsing, plaas ek wel 'n voorbeeld van God as man en vrou – God kan immers in manlike en vroulike metafore beskryf

word. Verdere besinning en debat is nodig oor die meng van geslagtelike metafore om te bereken of dit 'n positiewe of negatiewe bydrae tot inklusiewe taal maak. Indien wel, vermoed ek dat dit meer effektief sal wees tussen liedere (manlik in een lied en vroulik in 'n ander lied) as tussen strofes, soos in hierdie voorbeeld. Nietemin, in die aanpassing van Lied 198 word God as vrou voorgestel in die eerste strofe (ek vind God as 'n lied meer vroulik), onveranderd en dus manlik in die tweede strofe en sonder spesifieke geslag in die derde strofe. Weereens is die oorspronklike teks (van Gerjo van der Merwe wat in 2001 aangepas is) links en my aanpassing regs.

1. God is my lied, sy almag ken geen perke; Heer is sy Naam, volmaak sy skeppingswerke; Die groot heenal is sy gebied.	<i>1. God is my lied, haar almag ken geen perke; Rots is haar Naam, volmaak haar skeppingswerke; Die groot heenal is haar gebied.</i>
2. Niks is van my, dis alles u genade; Ek sien u goedheid oral, troue Vader - u lof sal op my lippe bly.	<i>2. Niks is van my, dis alles u genade; Ek sien u goedheid oral, troue Vader - u lof sal op my lippe bly.</i>
3. Waar God gebied, sal ons geen onheil vrees nie, Want niemand kan soos Hy 'n redder wees nie - aan Hom my lof, aan Hom my lied.	<i>3. Waar God gebied, sal ons geen onheil vrees nie, Want niemand kan soos God 'n redder wees nie - aan God my lof, aan God my lied.</i>

5.5. God sonder geslag: Lied 184

Lied 184 is een van die bekende en geliefde liedere wat veral in die tradisionele erediens byklank vind. Ongelukkig is die teks deurweek van eksklusiewe taal: *Hy is die Heer van die here!* In hierdie lied wil ek graag van uitbreidende metafore gebruik maak wat geen geslag aandui nie: *Herder* (Ps 23:1), *Ewige* (Gen 21:33), *Redder* (2 Sam 22:2), *Skepper* (Gen 14:19), *Ek is* (Eks 3:14), *Wysheid* (Luk 11:49), *Vesting* (2 Sam 22:3), *Arend* (Eks 19:4), *Water* (Jer 17:13), *Regter* (Gen 18:25) en *Lig* (Jes 60:2-3) word as uitbreidende alternatiewe tot *Vader*, *Here* en *Hy* aangewend.

Vanweë die a-a-b-a-rymskema van die teks, met telkens 'n binnerym in die derde versreël, was dit 'n uitdaging om enkele woorde te vervang. As gevolg van die beeld van God wat sy vleuels oor die mens sprei, het ek gevoel dat die beeld van *God* as 'n *Arend* effektief sal wees in die tweede strofe. Op soortgelyke wyse is die beeld van *God* as *Water* in die derde strofe gebruik waar die sonlig en reën aan die mens geskenk word. Deurgaans is die formele "u" met die inklusiewe "ons"

vervang en die ouer woord “bejeën” (strofe 3) is ook vervang. Die kolom aan die linkerkant bevat die teks van Izak de Villiers (1978) en die een aan die regterkant my uitbreidende aanpassing.

1. Lofsing die Here, die Ewige, sing tot sy ere! Lofsing die Koning, die Skepper, die Vader, die Here! Loof almal saam – groot is sy heilige Naam! Loof Hom, die Heer van die here!	<i>1. Lofsing die Herder, die Ewige, doen dit met blyheid! Lofsing die Redder, die Skepper, die “Ek is”, die Wysheid! Loof almal saam – groot is ons Vesting se Naam! Loof God, die gewer van vryheid!</i>
2. Lofsing die Here wat kunstig u liggaam berei het, Hy is die sterke wat altyd nog by u gebly het; wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar, oor u sy vleuels gesprei het!	<i>2. Lofsing die Skepper wat kunstig die heelal berei het, God is die Arend wat altyd nog by ons gebly het; wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar, oor ons die vleuels gesprei het!</i>
3. Lofsing die Here, dis Hy wat u kroon met sy seën! Hy skenk die lewe, die wasdom, die sonlig, die reën! O sterfeling weet: Hy wat Almagtige heet, het ons in liefde bejeën.	<i>3. Lofsing die Water, dis God wat u kroon met die seën! God skenk die lewe, die wasdom, die sonlig, die reën! O sterfeling weet: God wat Almagtige heet, het ons met liefde geseën.</i>
4. Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here! Alles wat asem het, hier tot in tydlose sfere! Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig: Hy is die Heer van die Here!	<i>4. Lofsing die Regter, ja, almal kom juig en bring ere! Alles wat asem het, hier tot in tydlose sfere! God is die Lig – ons hoop bly dáárop gerig. Loof, prys en gee God die ere!</i>

5.6. Nuwe omdigting en komposisie

In 2017 verskaf Thinus van Staden die teks vir ’n melodie wat ek aan Vonkk voorgelê het. Van Staden se teks, gebaseer op Matteus 6:26-34, is as volg:

Kommer jou nie oor môre nie, lewe vir vandag.
Jy kan jou lewe nie verleng, daardeur iets vermag.
Sien die Vader sorg vir die lelies van die veld
en hoor die voëls wat die Heer se sorg vermeld.

Ons Vader weet wat ons daaglik nodig het.
Vader, leer ons leef in u koninkryk.

Uit die ses versreëls word God in vier daarvan as manlik uitgebeeld. Vanweë die eksklusiewe taal stel ek enkele inklusiewe en uitbreidende veranderinge voor. Ek wou God eerder as ons liefdevolle Ouer uitbeeld en maak die volgende voorstel:

Kwel jou nie oor môre nie

Melodie: Ockie Vermeulen

Teks: Thinus van Staden, aangepas deur Ockie Vermeulen

Adagio ♩ = 62

G D/F# Em G/B C A/C# D(sus4) D

Kwel jou nie oor mô - re___ nie, le - we vir van - dag; jy

G Am7(omit5) G/B C G/D D(sus4) D/C

kan jou le - we___ nie ver - leng of daar-deur iets ver - mag nie. Sien die

G/B C Am D G C

Skep - per sorg vir die le - lies van die veld en___ hoor die voëls wat die

A/C# D(sus4) D/C Bm7 Em7

Een se sorg ver - meld. Ons___ Ou - er weet wat ons

Am7(b5) B7 Em G/D C C/D G

daag-lik no-dig het. Heer-ser leer ons leef in u ko - nin - kryk.


Kwel jou nie oor môre nie, m. 1-17

6. GEVOLGTREKKING

Taal is nie alleen 'n sisteem wat gebruik word om te kommunikeer nie, maar is terselfdertyd ook 'n instrument van mag wat identiteit versterk en vorm (Van Wyk, 2018:3 van 7). Dit beskik oor die vermoë om te onderdruk of te bevry en dien as draer van ideologie aangaande geslag (Mezit, 2011:5). Taal skep en vorm dus waardesisteme rakende geslag en aspekte wat gemarginaliseerdes raak (Spencer, 1998:96). In hierdie en vorige artikels het ek uitgewys wat die probleem met 'n voortdurend eendimensioneel-geslagtelike uitbeelding van God is. In kort: Dit sluit uit. En enige entiteit wat uitsluit, is in direkte konflik met die insluitende boodskap van Christus.

Verder het ek met vyf verskillende liedere aangetoon hoe eksklusiewe taalgebruik in Afrikaanse kerkliedere deur die gebruik van inklusiewe en uitbreidende taal aangepas kan word om sodoende 'n groter gevoel van insluiting te skep. Hoewel Boyce-Tillman (2006:xv) 'n volledige oorskryf van tekste propageer, het ek aangetoon dat inklusiwiteit ook dikwels met enkele woordvervangings bewerkstellig kan word.

Wanneer ons dan bewus is van sekere belangegroepe in die Afrikaanse kerk wat vandag uitgesluit voel en nie met eksklusiewe tekste kan identifiseer nie, en ons voorts oor die kennis en gereedskap beskik om hierdie tekste teologies verantwoordbaar meer inklusief te maak, waarom sou ons dit (steeds) nie doen nie?



BRONNELYS

Barton, M. 2009. Gender-bender God: Masculine or feminine? *Black Theology* 7(2): 142-166.

Boyce-Tillman, J. 2006. *A rainbow to heaven*. London: Stainer & Bell.

Boyce-Tillman, J. 2014. *In tune with heaven or not: Women in Christian liturgical music*. Bern: Peter Lang.

Bringle, M.L. 2013. *Decisions about language in Glory to God*. http://www.pcusastore.com/Content/Site119/Basics/7432Decisionsab_00000083924.pdf. [24 Desember 2018]

Daly, M. 1973. *Beyond God the Father: Toward a philosophy of women's liberation*. Boston: Beacon.

Dreyer, Y. 2006. Heteronormativity, homophobia and homosexuality – Mapping for an inclusive church. *HTS Theological/ Teologiese Studies* 62(2):445-471.

Dreyer, Y. 2007. Hegemony and the internalisation of homophobia caused by heteronormativity. *HTS Theological/ Teologiese Studies* 63(1):2-18. <https://doi.org/10.2979/jfemistudreli.32.1.02>

Dube, Z. 2014. Welcoming outsiders: The nascent Jesus community as a locus of hospitality and equality (Mk 9:33-42; 10:2-16). *In die Skriflig* 48(1), <http://www.indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/view/1379> [23 Oktober 2014]

Eckert, P. & McConnell-Ginet, S. 2003. *Language and gender*. Cambridge: Cambridge University Press.

Eicher, D. (ed.). 2013. *Glory to God: The Presbyterian hymnal*. Louisville: Presbyterian Publishing Corporation.

Engelbrecht, F. 2014. FLAM [faani.engelbrecht@gmail.com], 2 Oktober.

George, S. 2013. *Interpretation and inclusive theology: Reframing the issues*. <http://www.cwmission.org/wp-content/uploads/2013/12/Interpretation-and-Inclusive-Theology-Reframing-the-Issues.pdf> [7 Januarie 2015]

Groenewald, A. & Esterhuizen, L. 2018. Die trauma van dieselfdegeslag-debat in die NGK. Die Kerkbode, 8 November, <http://kerkbode.christians.co.za/2018/11/08/die-trauma-van-die-selfdegeslag-debat-in-die-ngk/> [27 September 2018]

Hector, K. 2011. *Theology without metaphysics: God, language and the spirit of recognition*. Cambridge: Cambridge University Press.

Jackson, N. 2002 Seksistiese taal in "Liedboek" sluit uit, sê Landman. *Die Beeld*, 19 Julie, bl. 13.

Joubert, S. 2014. *Hoe lees ek die Bybel vandag?* Bybelkennis, <http://www.bybelkennis.co.za/hoe-lees-ek-die-bybel-vandag> [27 September 2018]

Klopper, F. 2002. Women, monotheism and the gender of God. *In die Skriflig* 36(3):421-437.

Kloppers, E. 2007. The hymnic identities of the Afrikaner in E. Akrofi, M. Smit & S. Thorsen (eds.), *Music and identity: Transformation and negotiation*, pp. 181-198, Sun Press, Stellenbosch.

Krüger, J.J.F. 2011 Jesus se tafelgemeenskap met tollenaars en sondaars: Aspekte van 'n missionêre ekklesiologie. *In die Skriflig* 45(2&3):409-430.

Lee, M. 2005. Association with the marginalised. *Evangel* 20:i-v.

Le Roux, E. 2010. 'n Johannese perspektief op die huwelik, geslagsrolle en seksualiteit in 'n postmoderne konteks. *Verbum et Ecclesia* 31(1), <http://www.ve.org.za/index.php/VE/article/view/347/330> [30 Oktober 2014]

Louw, J. 2014. TAAL [jacques.louw@absamail.co.za], 12 Oktober.

Louw, J. 2017. VONKK [jacques.louw@absamail.co.za], 19 Februarie.

Lyons, J. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.

McIntosh, E. 2007. The possibility of a gender-transcendent God: Taking MacMurray forward. *Feminist Theology* 15(2): 236-255.

McIntyre, D. 2018. Making Hymns inclusive. *Disciple ministries, United Methodist Church*. <https://www.umcdiscipleship.org/resources/making-hymns-inclusive> [27 Desember 2017]

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A guide to design and implementation*. San Francisco: Jossey-Bass.

Mezit, L. 2011. *Language, gender and religion: An investigation into some gender-specific issues in religious texts, and the impact of language on the role of women in Judaism, Christianity and Islam*. Master's thesis, University of Agder.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2001, *Liedboek van die kerk: Vir gebruik by die erediens en ander byeenkomste*, NG Kerk-Uitgewers, Wellington.

Nürnberg, K. 2016. *Faith in Christ today. Invitation to systematic theology: Life in the presence of God*, vol. 1. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Potgieter, H. 2012. Die kerklied as vergestaltung van geloofservaring. *Vir die Musiekleier* 39: 38-48.

Presbyterian Church (U.S.A). s.a. *Well-chosen words*. http://www.pcusa.org/site_media/media/uploads/pw/pdfs/wellchosenwords.pdf [26 Desember 2018]

Ross, S.A. 2004. Can God be a bride? *America* November 1:12-15.

Spencer, D. 1998. 'Excerpts from man-made language' in D. Cameron (ed.) *The feminist critique of language: A reader*, pp. 93-99. New York: Routledge.

Spencer, A.B. 2010. Does God have gender? *Priscilla Papers* 24(2):5-12.

Steyn, J. & Yousaf, A. 2010. Jesus and the marginalized: Attaching pastoral meaning to Luke 4:14-30. *Acta Theologica* 30(2):152-170.

Stjerna, K. 2016. Ongoing reformation of language and spirituality: Intersections with the Finnish interpretation of Luther and feminist scholarship. *Currents in Theology and Mission* 43(3):17-21.

Stout, J.G. 2009. *When “he” doesn’t mean “you”: Gender exclusive language as subtle ostracism*. Master’s thesis, University of Massachusetts, Amherst, MA.

United Methodist Church’s task force on language guidelines, 1990. Words that hurt, words that heal: Language about God and people. Graded Press: Nashville, TN.

Van Wyk, T. 2018. An unfinished reformation: The persistence of gender-exclusive language in theology and the maintenance of a patriarchal church culture. *Verbum et Ecclesia* 39(1), a1890. <https://doi.org/10.4102/ve.v39i1.1890>

Vermeulen, O. 2016. Agter elke man: Onderweg na inklusiewe taalgebruik in die Afrikaanse kerklied. *HTS Teologiese Studies* 72(3), a3043:1-9.

Vermeulen, O. 2018. Onderweg na inklusiewe taalgebruik in die Afrikaanse kerklied (2): Die heteroseksuele witman as god. *HTS Teologiese Studies* 74(4), 4764. <https://doi.org/10.4102/hts.v74i4.4764>

Wadell, P.J. 2007. Toward a welcoming congregation. <http://www.baylor.edu/content/services/document.php/53384.pdf> [26 Desember 2018]